# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — WINDHOEK — PUBLISHED BY AUTHORITY

30c — Maandag 4 Januarie 1982 — Monday 4 January 1982 — No. 4582


INHOUD:

*Bladsy*


**GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:**

No. 1 Munisipaliteit van Windhoek: Wysiging van Personeelregulasies — 1

No. R.2752 Hawekoste — Port Nollothhawe — 2

**ALGEMENE KENNISGEWINGS:**

No. 1 Munisipaliteit van Windhoek: Slaan van Boorgate — 7

No. 2 Munisipaliteit van Usakos: Verkiesingsuitgawes — 7

**ADVERTENSIES** — 8


CONTENTS:

*Page*


**GOVERNMENT NOTICES:**

No. 1 Municipality of Windhoek: Amendment of Staff Regulations

No. R.2752 Harbour Charges — Port Nolloth Harbour — 2

**GENERAL NOTICES**

No. 1 Municipality of Windhoek: Sinking of Borholes — 7

No. 2 Municipality of Usakos: Electoral Expenses — 7

**ADVERTISEMENTS** — 8


## Goewermentskennisgewing

No. 1 — 1982

### MUNISIPALITEIT VAN WINDHOEK : WYSIGING VAN PERSONEELREGULASIES

Die Uitvoerende Komitee van die Blankes het kragtens artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die regulasie goedgekeur wat in die Bylae vervat en deur die Munisipaliteit van Windhoek gemaak is om die Personeelregulasies, afgekondig by Goewermentskennisgewing 72 van 3 September 1981, te wysig.

## Government Notice

No. 1 — 1982

### MUNICIPALITY OF WINDHOEK : AMENDMENT OF STAFF REGULATIONS

The Executive Committee of the Whites has under section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), approved the regulation set out in the Schedule and made by the Municipality of Windhoek to amend the Staff Regulations, promulgated by Government Notice 72 of 3 September 1981.

## BYLAE

Regulasie 32 word hierby gewysig —

(a) deur subregulasie (1) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(1) (a) 'n Vervoertoelaag, bereken teen R0,2856 per km of gedeelte van 'n km wat werklik in die diens van die Raad afgelê is, is aan 'n werknemer, uitgesonderd 'n werknemer in paragraaf (b) bedoel, betaalbaar wat sy private motorvoertuig met die toestemming van die Bestuurskomitee gegee met die goedkeuring van die Raad binne die munisipale gebied in die uitvoering van sy pligte gebruik het.

(b) 'n Brandstof- en lopende kostetoelaag, bereken teen R0,1014 per km of gedeelte van 'n km wat werklik in die diens van die Raad afgelê is, is, benewens enige ander toelaag, op aanvraag betaalbaar aan 'n werknemer wat die betrokke motorvoertuig aangeskaf het met 'n lening wat kragtens artikel 241(2)(b)(iv) van die Ordonnansie toegeken is."; en

(b) deur die uitdrukking "Nieteenstaande subregulasie (1)" in subregulasie (2) deur die uitdrukking "Ondanks subregulasie (1)(a)" te vervang.

## SCHEDULE

Regulation 32 is hereby amended —

(a) by the substitution for subregulation (1) of the following subregulation:

"(1) (a) A transport allowance, calculated at R0,2856 per km or part of a km actually travelled in the service of the Council, shall be payable to an employee, other than an employee referred to in paragraph (b), who has used his private motor vehicle with the consent of the Management Committee given with the approval of the Council within the municipal area in the performance of his duties.

(b) A fuel and running costs allowance, calculated at R0,1014 per km or part of a km actually travelled in the service of the Council, shall, in addition to any other allowance, be payable on demand to an employee who has acquired the motor vehicle in question with a loan granted under section 241(2)(b)(iv) of the Ordinance."; and

(b) by the substitution for the expression "subregulation (1)" in subregulation (2) of the expression "subregulation (1)(a),".

---

## SUID-AFRIKAANSE VERVOERDIENSTE

No. R2752 1981

### HAWEKOSTE- PORT NOLLOTHHAWE

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident kragtens artikel 75 van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienstewet, 1981 (Wet 65 van 1981), sy goedkeuring daaraan verleen het dat die firma The CDM (Proprietary) Limited [voorheen bekend as Consolidated Diamond Mines of South West Africa (Proprietary) Limited], die volgende koste hef op alle soorte goedere en artikels wat ontskeep of verskeep word by die genoemde firma se hawehoof by Port Nollothhawe:

*Kaaigeld*

(a) Goedere BSAHB, per ton ................R1,38
per m³ ....................R1,15

## SOUTH AFRICAN TRANSPORT SERVICES

No. R2752 18 December 1981

### HARBOUR CHARGES — PORT NOLLOTH HARBOUR

It is hereby notified that the State President has approved, in terms of Section 75 of the South African Transport Services Act, 1981 (Act 65 of 1981), of the following charges bein levied by The CDM (Proprietary) Limited [formerly named the Consolidated Diamond Mines of South West Africa (Proprietary) Limited], in respect of goods and articles of all descriptions landed at or shipped from the said Company's jetty at the Harbour of Port Nolloth:-

*Wharfage:*

(a) Goods EOHP, per ton ....................R1,38
per m³ ....................R1,15

(b) Massavloeistowwe, per kiloliter ..........R1.38

*Ontskeping of verskeping, wat vervoer per spoor na/van die smalspoorsylyne binne 2 km van die hawehoof af insluit:*

| | Pakke van Hoogstens 4 000 kg elk | Pakke bo 4 000 kg maar minder as 5 000 kg elk |
|---|---|---|
| | R | R |
| (a) Goedere BSAHB, per ton... | 3.97 | 5.52 |
| per m³ ...... | 3.28 | 4.66 |
| (b) Timmerhout, yster en staal, in lengtes langer as 7 meter, in bondels of los, per ton....... | 4.83 | 6.73 |
| per m³....... | 4.14 | 5.70 |

OPMERKINGS:

1. *Koste*

Koste word gehef op 'n ton of kubieke meter, watter een ook al die hoogste totale koste lewer.

2. *Ton*

'n Ton beteken 1 000 kg.

3. *Minimum koste*

Die minimum koste vir bepaalde dienste is op een ton, een kubieke meter of een kiloliter gegrond. Breuke van 'n ton, kubieke meter of kiloliter t.o.v. besendings van meer as een ton, een kubieke meter of een kiloliter word tot die volgende 100 kilogram, 100 kubieke desimeter of 100 liter afgerond.

4. *Maksimum massa van pakke*

Die maksimum massa per pak is 5 000 kg, behalwe waar skriftelike magtiging van die Hawesuperintendent verkry is voordat die pak verskeep word.

5. BSAHB

BSAHB beteken "behalwe soos anders hierin bepaal".

6. *Vervoer per spoor*

Vrag sal net aan die geadresseerde of agent wie se naam op die vragmanifes voorkom afgelewer word mits sodanige geadresseerde of agent 'n depot het wat deur die bestaande CDM-spoorlyn bedien word. Versoeke om vrag aan 'n ander party of by 'n ander bestemming

(b) Bulk liquids, per kilolitre..................R1.38

*Landing or shipping, inlcuding transport by rail to/from narrow gauge railway sidings within 2 km of the harbour jetty:*

| | Packages not exceeding 4 000 kg each | Packages exceeding 4 000 kg but less than 5 000 kg each |
|---|---|---|
| | R | R |
| (a) Goods EOHP, per ton ........ | 3.97 | ..............5.52 |
| per m³ ........ | 3.28 | ..............4.66 |
| (b) Timber, iron and steel, in lengths exceeding 7 metres bundled or loose, per ton ....... | 4.83 | ..............6.73 |
| per m³........ | 4.14 | ..............5.70 |

NOTES:

1. *Charges*

Charges are levied on a ton or cubic metre, whichever yields the higher overall charge.

2. *Ton*

A ton shall mean 1 000 kg.

3. *Minimum charges*

The minimum charge for services specified is as for one ton, one cubic metre or one kilolitre. Fractions of a ton, cubic metre or kilolitre on consignments exceeding one ton, one cubic metre or one kilolitre are levelled up to the next higher 100 kilograms, 100 cubic decimetres or 100 litres.

4. *Maximum mass of packages*

The maximum package mass shall be 5 000 kg, unless written authorisation has been obtained from the Port Superintendent before the package is to be shipped.

5. *EOHP*

EOHP shall mean "except as otherwise herein provided".

6. *Transport by rail*

Cargo will be delivered only to the consignee or agent whose name appears on the manifest of cargo, provided such consignee or agent has a depot served by the existing CDM rail line. Requests for cargo to be delivered to a party or destination other than that stated on the

af te lewer as wat op die vragmanifes voorkom, moet skriftelik aan die Hawesuperintendent gerig word, en dit moet hom bereik voordat die vrag by die hawe aankom.

7. *Spesiale dienste*

Die koste vir die gebruik van toerusting of vir dienste wat nie hierin uiteengesit word nie, word op aanvraag verstrek.

8. *Gewone werkure*

Maandae tot Vrydae: 07h30 tot 12h00, 13h00 tot 17h00; Saterdae: 07h30 tot 12h00; Goeie Vrydag, Kersdag, Geloftedag en Republiekdag uitgesonder.

9. *Houers*

9.1 Houers op sigself word van kaaigeld, ontskepings- en verskepingskoste vrygestel.

9.2 'n Korting van 5% op kaaigeld en ontskepings- of verskepingskoste word toegestaan ten opsigte van behouerde goedere wat ontskeep of verskeep word.

9.3 Houers wat leeg verskeep word nadat dit gepak ontskeep was, is onderworpe aan verskepingskoste bereken teen 2 kubieke meter per ton.

10. *Huur van krane*

Die volgende voorwaardes is van toepassing op die gebruik van krane:

10.1 Huurkoste sal begin vanaf die tyd waarop die werk begin is, of as die kraan nie gereed is nie, vanaf die tyd waarop dit gereed is.

10.2 Niemand wat 'n kraan huur, mag toelaat dat 'n draad, tou of ketting onder die luikhoof van 'n luikgat inskeer nie. Hy mag ook nie 'n kraan gebruik om skeepsvrag los te werk of uit te sleep nie.

10.3 Die huurder van 'n kraan moet uitvoering gee aan al die redelike bevele of bepalings wat die Hawesuperintendent van tyd tot tyd mag gee of oplê in verband met die bediening van sodanige kraan of die staking van werk daarmee.

10.4 Vir die doel van hierdie voorwaardes sluit die woord "kraan" enige meganiese toestel in wat vir die laai en/of aflaai van skeepsvrag gebruik word, en die

manifest of cargo must be made in writing to the Port Superintendent and must reach him before arrival of the cargo at the port.

7. *Special services*

Charges for the use of equipment or for services not provided for herein are quoted on application.

8. *Ordinary working hours*

Mondays to Fridays: 07h30 to 12h00
Mondays to Fridays : 13h00 to 17h00
Saturdays : 07h30 to 12h00
excluding Good Friday, Christmas Day, The Day of the Covenant and Republic Day.

9. *Containers*

9.1 Containers themselves are excempted from wharfage, landing and shipping charges.

9.2 A reduction of 5 % on wharfage and landing or shipping charges is allowed on containerised goods landed or shipped.

9.3 Containers shipped empty after having been landed in a packed condition shall bear shipping charges calculated at 2 cubic metres to the ton.

10. *Hire of cranes*

The following conditions shall apply to the use of cranes:-

10.1 Hire charges shall commence from the time work is commenced, or if the crane is not ready, from the time when it is ready.

10.2 No person hiring a crane shall permit any wire, rope or chain to be reeved under the coaming of any hatchway, nor shall a crane be used for the purpose of breaking or dragging out cargo.

10.3 The hirer of a crane shall comply with any reasonable order or condition in regard to the working or the discontinuance of the working of such crane which may from time to time be given or imposed by the Port Superintendent.

10.4 For the purposes of these conditions the word "crane" shall include any mechanical appliance used for the loading and/or dicharging of cargo, and

woord "huurder" beteken die eienaar, kaptein of agent van 'n skip, of 'n persoon in diens van sodanige skip, of gebruiker van sodanige kraan, na gelang van die geval.

Die bogenoemde koste tree met ingang van 1 Januarie 1982 in werking en vervang alle vorige tariewe.

BYKOMENDE TARIEWE

Die volgende bykomende tariewe tree met ingang van 1 Januarie 1982 by Port Nollothhawe in werking en vervang alle vorige tariewe:

*Aanlêdienste:*

(a) Skepe wat die hawe binnevaar of daaruit vertrek, met of sonder die hulp of geleide van ander vaartuie, is onderworpe aan die koste vir die dienste van die aanlêspan, hetsy hulle dienste gebruik word of nie.

Die koste is nie van toepassing op skepe onder 70 ton (bruto) nie, behalwe wanneer die dienste van 'n aanlêspan gebruik word.

Per span per uur of gedeelte daarvan gedurende gewone werkure .................. R46,00

Per span per uur of gedeelte daarvan buite gewone werkure .............................. R69,00

(b) Die kaptein van 'n skip moet die Hawesuperintendent minstens 30 minute kennis gee van die kansellasie van die diens, by versuim waarvan die koste gehef moet word as dit te laat is om te verhinder dat die aanlêspan na die hawehoof gaan.

*Stuwadoorswerk*

(a) Goedere BSAHB, hysvragte van hoogstens 4 000 kg, per ton ........................... R0,87

(b) Goedere BSAHB, hysvragte meer as 4 000 kg maar minder as 5 000 kg, per ton .....R3,45

(c) Timmerhout, yster en staal, in lengtes langer as 7 meter en hysvragte van hoogstens 4 000 kg, per ton ......................................R1,21

(d) Massavloeistowwe, per kiloliter ..........R0,12

Alle stuwadoorskoste is onderworpe aan die volgende spankoste:

Per span per uur of gedeelte daarvan gedurende gewone werkure ............................... R23,00

the word "hirer" shall mean the owner, master or agent of a ship or any person employed by such ship or user of such crane, as the case may be.

The above charges will be operative from 1 January 1982, and supersede all tariffs previously in operation.

*Additional Tariffs*

The following additional tariffs will be operative from 1 January 1982 at Port Nolloth Harbour, and will supersede all tariffs previously in operation:-

*Berthing services:*

(a) Ships entering or leaving the harbour, with or without craft assisting or in attendance, are charged for the services of the berthing gang, whether its services are used or not.

Charges are not applicable to ships under 70 tons (gross), except where the services of a berthing gang are used.

Per gang per hour or part thereof during ordinary working hours ...................... R46,00

Per gang per hour or part thereof outside ordinary working hours ...................... R69,00

(b) The Master shall give not less than 30 minutes notice to the Port Superintendent of cancellation of service, failing which the gang charge shall apply where it is too late to stop the berthing gang proceeding to the jetty.

*Stevedoring:*

(a) Goods EOHP — Lifts up to 4 000 kg, per ton ................................................R0,87

(b) Goods EOHP — Lifts exceeding 4 000 kg, but less than 5 000 kg, per ton ...............R3,45

(c) Timber, iron and steel — in lengths exceeding 7 metres and lifts up to 4 000 kg, per ton ......................................... R1,21

(d) Bulk liquids, per kilolitre...................R0,12

All stevedoring charges are subject to the following gang charge:-

Per gang per hour or part thereof outside ordinary working hours ........................ R23,00

Per span per uur of gedeelte daarvan buite gewone werkure .................................. R46,00

*Huur van krane*

Met 'n hysvermoë van hoogstens 5 000 kg, vir elke kraan per uur of gedeelte daarvan, met 'n minimum huurtydperk van twee agtereenvolgende ure, per uur ............................................ R19,55

*Huur van toerusting*

Koste vir die gebruik van meer- en vraghanteertoerusting (waar dit beskikbaar is):

(a) Dromhake, vragnette, stroppe, laaibokke en lastopaletvurke, per 24 uur of gedeelte daarvan ............................................ R69,00

(b) Meerstroppe, per 24 uur of gedeelte daarvan ............................................R2,30

(c) Meerkettings, per 24 uur of gedeelte daarvan ............................................R3,45

*Huur van kragtoerusting*

Koste vir vraghantering behalwe dié vir ontskeping en verskeping, per uur of gedeelte daarvan:

(a) 4 000-kg-vurkhyser, per uur............R14,38

(b) 7 500-kg-mobiele kraan, per uur ......R17,25

*Huur van hawebarkas*

Koste vir gebruik in die binnehawe, per uur of gedeelte daarvan,................................R34,50

Koste vir gebruik binne 5 km van die hawegrens, per uur of gedeelte daarvan..................R51,75

*Brandbeveiliging*

In gevalle van brande, per eenheid per uur.........:.......................................R32,20

*Vraghantering tydens opslag*

Ten opsigte van vrag by die haweperseel opgeslaan nadat dit buite gewone werkure afgelaai is en wat herlaai en aan die geadresseerde afgelewer moet word:

Vir elke 24 uur of gedeelte daarvan

— Goedere BSAHB, per ton/m³ ...... R9,89
— Timmerhout, yster en staal per ton/m³ ..:.......................................R12,08

---

Per gang per hour or part hereof outside ordinary working hours........................R46,00

*Hire of cranes*

With a lifting capacity of up to 5 000 kg, for each crane per hour, or part thereof, with a minimum period of hire of two running hours, per hourR19,-55

*Hire of equipment*

Charge for the use of mooring and cargo handling equipment (where available):

(a) Drumhooks, cargo nets, slings, cargo trays and lastopallet forks, per 24 hours or part thereof..........................................R69,00

(b) Mooring strops, per 24 hours or part thereof..........................................R2,30

(c) Mooring chains, per 24 hours or part thereof..........................................R3,45

*Hire of power driven equipment*

Charge for the handling of cargo other than landing or shipping, per hour or part thereof:

(a) 4 000-kg fork lift truck, per hour.....R14,38

(b) 7 500-kg mobile crane, per hour ......R17,25

*Hire of harbour launch*

Charge for use within the inner harbour, per hour or part thereof.................................R34,50

Charge for use within 5 km of the harbour boundary, per hour or part thereof..............R51,75

*Fire protection*

In instances of fires, per unit per hour ... R32,20

*Storage handling*

In respect of cargo stored at the harbour premises, subsequent to off-loading outside ordinary working hours and which has to be reloaded and delivered to the consignee:

Per 24 hours or part thereof—

— Goods EOHP, per ton/m³.................R9,89
— Timber, iron and steel, per ton/m³....R12,08

# Algemene Kennisgewings

No. 1 1982

STAD WINDHOEK

SLAAN VAN BOORGATE

Hiermee word kennis gegee dat die Munisipaliteit Windhoek van voorneme is om by die Waterraad Windhoek aansoek te doen vir 'n permit om 6 (ses) boorgate te slaan in 'n gebied wes en noordoos van toetsboorgat 9840 (2 km noord van Kempinskiberg) op die Munisipale Meent vir stedelike watervoorsiening.

'n Plan wat die posisie van die voorgestelde boorgate aandui lê ter insae te kantoor 509, Munisipale Kantore, Kaiserstraat, Windhoek.

Enige besware teen hierdie voorneme moet skriftelik binne 14 (veertien) dae van verskyning van hierdie kennisgewing by die Sekretaris, Waterraad, Privaatsak 13193, Windhoek 9000 ingedien word.

STADSKLERK
POSBUS 59
WINDHOEK
9000

---

Nr. 2 1981

MUNISIPALITEIT VAN USAKOS:
VERKIESINGSUITGAWES
KENNISGEWING NR /81

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 86 (a) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) dat die onderstaande opgawes van verkiesingsuitgawes van kandidate by die buitengewone verkiesing van 'n raadslid gehou op 5 November 1981, by my ingedien is en vir 'n tydperk van drie maande ter insae van die publiek sal lê by onderstaande adres.

Die uitgawes word gerangskik onder die hoofde van Artikel 81 van bedoelde Ordonnansie.

| KANDIDATE | UITGAWE |
|---|---|
| 1. Engelbrecht, Jurie Jacobus | (a)-(k): Nul |
| 2. Marcus, Harry Arthur | (a)-(k): Nul |
| 3. Van Rensburg, Danie | (a)-(k): Nul |
| 4. Van Sittert, Dorothy Maria | (a)-(k): Nul |

D.V. CALLAGHAN
Kiesbeampte

Municipale Kantore
Posbus 67
USAKOS
23 November 1981

# General Notices

No. 1 1982

CITY OF WINDHOEK

SINKING OF BOREHOLES

Notice is hereby given that the Municipality of Windhoek intends applying to the Water Board Windhoek for a permit to drill 6 (six) boreholes in the area west and north-east of test borehole 9840 (2 km north of Kempinskiberg) on the Municipal Commonage for urban water supply.

A plan indicating the position of the proposed boreholes is lying for inspection at office 509, Municipal Building, Kaiser Street, Windhoek.

Any objections thereto must be lodged in writing within 14 (fourteen) days of date of this publication with the Secretary, Water Board, Private Bag 13193, Windhoek 9000.

TOWN CLERK
P.O. BOX 59
WINDHOEK
9000

---

No. 2 1981

MUNICIPALITY OF USAKOS:
ELECTORAL EXPENSES
NOTICE NO. /81

Notice is hereby given in terms of Section 86 (a) of the Municipal Ordinance 1963 (Ordinance 13 of 1963) that the under-mentioned returns of electoral expenditures as incurred by candidates at the extraordinary election of a councillor held on 5 November 1981 have been filed with me and will lie for inspection by the public at the under-mentioned address for a period of three months.

The expenditures are arranged under the heads of Section 81 of the said Ordinance.

| CANDIDATES | EXPENDITURES |
|---|---|
| 1. Engelbrecht, Jurie Jacobus | (a)-(k): Nil |
| 2. Marcus, Harry Arthur | (a)-(k): Nil |
| 3. Van Rensburg, Danie | (a)-(k): Nil |
| 4. Van Sittert, Dorothy Maria | (a)-(k): Nil |

D.V. CALLAGHAN
Returning Officer

Municipal Office
P.O. Box 67
USAKOS
23 November 1981

# Advertensies

ADVERTEER IN DIE OFFISIËLE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA

1. Die Buitengewone *Offisiële Koerant* wat advertensies bevat verskyn op elke Vrydag van elke maand; indien 'n Vrydag op 'n Openbare Feesdag val, verskyn die *Offisiële Koerant op* die voorafgaande Donderdag.

2. Advertensies wat in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word, moet in die taal waarin hulle sal verskyn aan die OFFISIËLE KOERANTKANTOOR, P.S. 13200, Windhoek, geadresseer word, of by Kamer 12 Barlow Huis Windhoek afgelewer word, nie later nie as 3 nm op die NEGENDE dag voor die verskyning van die *Offisiële Koerant*, waarin die advertensie geplaas moet word.

3. Advertensies word vir die openbare voordeel in die *Offisiële Koerant* gepubliseer. Vertalings moet deur die Adverteerder of sy agent gelewer word indien verlang.

4. Slegs regsadvertensies word vir publikasie in die *Offisiële Koerant* aangeneem en hulle is onderworpe aan die goedkeuring van die Sekretaris van Burgersake en Mannekrag, wat die aanneming of verdere publikasie van 'n advertensie mag weier.

5. Die Sekretaris van Burgersake en Mannekrag behou hom die reg voor om die kopie te redigeer, te hersien en oortollige besonderhede weg te laat.

6. Advertensies moet sover moontlik getik wees. Die manuskrip van advertensies moet slegs op een kant van die papier geskryf word en alle eiename moet duidelik wees. In geval 'n naam weens onduidelike handskrif foutief gedruk word, kan die advertensie slegs dan herdruk word as die koste van 'n nuwe plasing betaal word.

7. Geen aanspreeklikheid word aanvaar vir enige vertraging in die publisering van 'n kennisgewing of vir die publisering daarvan op 'n ander datum as dié deur die insender bepaal. Insgelyks word geen aanspreeklikheid aanvaar ten opsigte van enige redigering, hersiening, weglatings, tipografiese foute en foute wat weens dowwe of onduidelike kopie mag ontstaan nie.

8. Die insender word aanspreeklik gehou vir enige skadevergoeding en koste wat voortvloei uit enige aksie wat weens die publisering, hetsy met of sonder enige weglating, foute, onduidelikhede of in watter vorm ook al, van 'n kennisgewing teen die Administrateur-generaal ingestel word.

9. Die jaarlikse intekengeld op die *Offisiële Koerant* is R12,50 posvry in hierdie Gebied en die Republiek van Suid-Afrika, verskrygbaar by die here Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek. Oorsese intekenaars moet posgeld vooruitbetaal. Enkel eksemplare van die *Offisiële Koerant is* verkrygbaar van die here Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek, teen 30c per eksemplaar. Eksemplare word vir slegs twee jaar in voorraad gehou.

10. Die koste vir die plasing van kennisgewings is soos volg en is betaalbaar by wyse van tjeks, wissels, pos- of geldorders:

# Advertisements

ADVERTISING IN THE OFFICIAL GAZETTE OF SOUTH WEST AFRICA

1. The *Official Gazette* Extraordinary containing advertisements is published on every Friday of each month; if those days fall on a Public Holiday, the *Official Gazette* is published on the preceding Thursday.

2. Advertisements for insertion in the *Official Gazette* should be addressed to the OFFICIAL GAZETTE OFFICE, P.B. 13200, Windhoek, or be delivered to Room 120, Barlow house Building Windhoek, in the languages in which they are to be published, not later than 3 p.m. on the NINTH day before the date of publication of the *Official Gazette* in which they are to be inserted.

3. Advertisements are published in the *Official Gazette* for the benefit of the public. Translations if desired, must be furnished by the advertiser or his agent.

4. Only law advertisements are accepted for publication in the *Official Gazette*, and are subject to the approval of the Secretary for Civic Affairs and Manpower, who may refuse to accept or may decline further publication of any advertisement.

5. The Secretary for Civic Affairs and Manpower reserves the right to edit and revise copy and to delete therefrom any superfluous detail.

6. Advertisements should as far as possible be typewritten. Manuscript of advertisements should be written on one side of the paper only, and all proper names plainly inscribed; in the event of any name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the advertisement can only be republished on payment of the cost of another insertion.

7. No liability is assumed for any delay in publishing a notice or for publishing it on any date other than that stipulated by the advertiser. Similarly no liability is assumed in respect of any editing, revision, omission, typographical errors or errors resulting from faint or indistinct copy.

8. The advertiser will be held liable for all compensation and costs arising from any action which may be instituted against the Administrator-General as a result of the publication of a notice with or without any omission, errors, lack of clarity or in any form whatsoever.

9. The subscription for the *Official Gazette* is R12,50 per annum, post free in this Territory and the Republic of South Africa, obtainable from Messrs. The Suidwes-Drukkery Limited, P.O. Box 2196, Windhoek. Postage must be prepaid by overseas subscribers. Single copies of the *Official Gazette* may be obtained from The Suidwes-Drukkery, Limited, P.O. Box 2196, Windhoek, at the price of 30c per copy. Copies are kept in stock for only two years.

10. The charge for the insertion of notices is as follows and is payable in the form of cheques, bills, postal or money orders:

## LYS VAN VASTE TARIEWE

| Gestandaardiseerde kennisgewings | *Tarief per plasing* R |
|---|---|
| Oordrag van besigheid | R3,25 |
| Aktes: Verlore dokumente | 6,00 |
| Besigheidskennisgewings | 5,00 |
| Boedelwettekennisgewings: Vorms J. 297, J. 295, J. 193 en J. 197 | 2,00 |
| Derdeparty-assuransie-eise om skadevergoeding | 2,50 |
| Insolvensiewet- en maatskappywettekennisgewings: J. 28, J. 29, Vorms 1 tot 9 | 4,00 |

L.W. — Vorms 2 en 6 — bykomstige verklarings volgens woordetaltabel, toegevoeg tot die basiese tarief.

| | |
|---|---|
| Naamsverandering (vier plasings) | 25,00 |
| Naturalisasiekennisgewings (insluitende 'n herdruk vir die adverteerder) | 2,00 |
| Onopgeëiste geld — slegs in die buitengewone *Offisiële Koerant*, sluitingsdatum 15 Januarie (per inskrywing van "naam, adres en bedrag") | 0,80 |
| Slagterskennisgewings | 5,00 |
| Slumopruimingshofkennisgewings, per perseel | 4,00 |
| Verlore lewensversekeringspolisse | 2,00 |

### Nie-gestandaardiseerde kennisgewings

Maatskappykennisgewings

| | |
|---|---|
| Kort kennisgewings: Vergaderings, besluite, aanbod van skikking, omskepping van maatskappy, vrywillige likwidasies, ens.: sluiting van oordrag van lederegisters en/of verklarings aan dividende | 11,00 |
| Dranklisensie kennisgewings (in buitengewone *Offisiële koerante*, t.w. Junie/Tvl. November/Kaap, Januarie/OVS., April/Natal) per tweetalige aansoek | 7,00 |
| Verklaring van dividende met profytstate, notas ingesluit | 25,00 |
| Lang kennisgewings: Oordragte, veranderings met betrekking tot aandele of kapitaal, aflossings, besluite, vrywilige likwidasies | 37,00 |
| Handelsmerke in Suidwes Afrika | 11,00 |
| Likwidateurs en ander aangesteldes se kennisgewings | 7,00 |

Geregtelike en ander openbare verkope:

| | |
|---|---|
| Geregtelike verkope | 18,00 |
| Openbare veilings, verkope en tenders: | |
| Tot 75 woorde | 6,00 |
| 76 tot 250 woorde | 15,00 |
| 251 tot 350 woorde | 23,00 |

Orders van die Hof:

| | |
|---|---|
| Voorlopige en finale likwidasies of sekwestrasies | 14,00 |
| Vertalings of veranderings in kapitaal, samesmeltings, aanbod van skikking | 37,00 |
| Geregtelike besture, *kurator bonis* en soortgelyke en uitgebreide bevel nisi | 37,00 |
| Verlenging van keerdatum | 4,00 |
| Tersydestellings en afwysings van petisies (J 158) | 4,00 |

## LIST OF FIXED TARIFF RATES

| Standardised notives | *Rate per insertion* R |
|---|---|
| Transfer of business | R3,25 |
| Deeds: Lost documents | 6,00 |
| Business notices | 5,00 |
| Administration of Estates Acts notices: Forms J. 197 J. 295, J. 193 and J. 187 | 2,00 |
| Third party insurance claims for compensation | 2,50 |
| Insolvency Act and Company Acts notices: J 28, J 29, Forms 1 to 9 | 4,00 |

N.B. — Forms 2 and 6 — additional statements according to word count table, added to the basic tariff.

| | |
|---|---|
| Change of name (four insertions) | 25,00 |
| Naturalisation notices (including a reprint for the advertiser) | 2,00 |
| Unclaimed moneys — only in the extraordinary *Official Gazette*, closing date 15 January (per entry of "name, address and amount") | 0,80 |
| Butchers' notices | 5,00 |
| Slum Clearance Court notices, per premises | 4,00 |
| Lost life insurance policies | 2,00 |

### Non-standardised notices

Company notices:

| | |
|---|---|
| Short notices: Meetings, resolutions, offer of compromise, conversion of company, voluntary windings-up: closing of transfer or members' registers and/or declaration of dividends | 11,00 |
| Liquor Licence notices (in extraordinary *Gazettes*, viz. June/Tvl. November/Cape, January/O.F.S., April/Natal), per bilingual application | 7,00 |
| Declaration of dividend with profit statements, including notes | 25,00 |
| Long notices: Transfers, changes in respect of shares or capital, redemptions, resolutions, voluntary liquidations | 37,00 |
| Trade marks in South West Africa | 11,00 |
| Liquidator's and other appointees' notices | 7,00 |

Sales in execution and other public sales:

| | |
|---|---|
| Sales in execution | 18,00 |
| Public auctions, sales and tenders: | |
| Up to 75 words | 6,00 |
| 76 to 250 words | 15,00 |
| 251 to 350 words | 23,00 |

Orders of the Court:

| | |
|---|---|
| Provisional and final liquidations or sequestrations | 14,00 |
| Reductions or changes in capital mergers, offer of compromise | 37,00 |
| Judicial managements, *curator bonis* and similar and extensive rules nisi | 37,00 |
| Extension of return date | 4,00 |
| Supersessions and discharge of petitions (J 158). | 4,00 |

11. Die koste vir die plasing van advertensies, behalwe die kennisgewings wat in paragraaf 10 genoem word, is teen die tarief van 56c per cm dubbelkolom. (Gedeeltes van 'n cm moet as volle cm bereken word).

12. Geen advertensie word geplaas nie tensy die koste vooruit betaal is. Tjeks, wissels, pos- en geldorders moet aan die Sekretaris, Burgersake en Mannekrag betaalbaar gemaak word.

11. The charge for the insertion of advertisements other than the notices mentioned in paragraph 10 is at the rate of 56c per cm double column. (Fractions of a cm to be reckoned as a cm).

12. No advertisements are inserted unless the chare is prepaid. Cheques, drafts, postal orders or money orders must be made payable tot the Secretary, Civil Affairs and Manpower.

LAW SOCIETY OF SOUTH WEST AFRICA

NOTICE OF ANNUAL GENERAL MEETING

NOTICE IS HEREBY GIVEN in terms of Bye-Law No 2 of Proclamation No 32 of 1921 that the ANNUAL GENERAL MEETING of the LAW SOCIETY OF SOUTH WEST AFRICA will be held at the HOTEL KALAHARI SANDS, Kaiser Street, WINDHOEK, on FRIDAY 19th MARCH, 1982 at 15h00 when the undermentioned business will be transacted:

(a) Consideration of the President's Report for the past year;

(b) Consideration and adoption of the Statements of Account for the past year and the Balance Sheet;

(c) Election of Auditors and the fixing of the amount of their remuneration;

(d) Election of two Councillors;

(e) Consideration and transaction of any special business of which due notice shall have been given by any member;

(f) The fixing of subscriptions payable by members for the year 1982;

(g) Consideration and transaction of any business deemed necessary by the Council.

Notices and Nominations in terms of Bye-Laws No's 6 and 23 are called for.

ATTENTION is drawn to the fact that under Bye-Law No 6 any member desiring to bring forward any special business before the General Meeting must give the Secretarys 21 days notice in writing; and that under Bye-Law No 23 nominations for Councillors must be made 21 days before the Meeting in writing to the Secretary and must bear the consent of the Nominee.

Copies of the President's Report, statements of account and balance sheet will be forwarded to members in due course in terms of Bye-Law No 38

The attention of members is specifically directed to the requirements in respect of proxies as set out in Bye-Laws No's 16 and 17.

Messrs J.S. Kirkpatrick and J.G. Quarmby, members of the Council, retire at the General Meeting by effluxion of time, but are eligible for re-election and nominations are called for to fill the vacancies thus occurring on the Council.

DATED at WINDHOEK this 8th day of DECEMBER, 1981

D.F. SMUTS
ASSISTANT SECRETARY
LAW SOCIETY OF S.W.A.

MUNISIPALITEIT OKAHANDJA
KENNISGEWING NR. 31/1981

VERKOOP VAN ONBESETTE EIENDOM WAAROP DAAR VIR 5 JAAR GEEN BELASTING BETAAL IS NIE

Kennisgewing geskied hiermee ooreenkomstig die bepalings van artikel 171 (1) van die Munisipale Ordonnansie nr. 13 van 1963 dat erf nr. 563 Okahandja geregistreer is in naam van H.J. van Eeden, Posbus 175, Trichardt.

Aangesien betalings reeds vir meer as vyf jaar teen erf nr. 563 agterstallig is, word 'n beroep op die geregistreerde eienaar gedoen om die agterstallige belastings saam met die rente daarop binne 3 maande na die datum van die laaste publikasie van hierdie kennisgewing te betaal.

By wanbetaling van die agterstallige belastings sal die eiendom per openbare veiling verkoop word.

Munisipale Kantore
Posbus 15
OKAHANDJA
F.N. LAING
Stadsklerk

MUNISIPALITEIT WINDHOEK
WYSIGING VAN STADSBEPLANNING-SKEMA (1981/2)

Kennis geskied hiermee (kragtens artikels 17 en 27(4) van die Dorpsbeplanningsordonnansie nr. 18 van 1954, soos gewysig) dat die Munisipaliteit van voorneme is om sekere wysigings van die Dorpsbeplanningskema (soos goedgekeur ingevolge Proklamasie nr. 16 van 1976) aan die Uitvoerende Komitee voor te lê vir oorweging.

Die wysigings behels die volgende:

(a) Hersonering en reservering van grond

(b) Wysiging van skemabepalings

(c) Insluiting van nuwe dorpsgebiede

Eksemplare van die konsepwysigingskema, kaarte, planne, dokumente en ander verbandhoudende sake lê gedurende kantoorure by kamer 708 van die Stadhuis, Windhoek ter insae.

A.C. ARNOLD
Stadsklerk
WINDHOEK
9000

**KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID**

Geliewe kennis te neem dat na veertien (14) dae vanaf publikasie van hierdie kennisgewing, aansoek gedoen sal word by die Handelslisensie Hof, Landdroskantoor, Karasburg, vir die oordrag van die Algemene Handelaar-, Patente Medisyne Handelaar-, Vars Produkte Handelaar-, Motor Garage en Restaurantlisensie gehou deur JOSEPH HERMAN KROUKAMP wat handel dryf as SUIDWES MOTEL te Perseel 240, Vioolsdrift-Nedersetting aan JOAQUIM DA SILVA AUGUSTO wat onder die naam van SUIDWES MOTEL te dieselfde adres besigheid sal doen.

GEDATEER te KARASBURG op hierdie 7de dag van Desember 1981

RISSIK & COX
Prokureurs vir Applikant
10de Laan
Posbus 8
KARASBURG
9000

**NOTICE OF TRANSFER OF BUSINESS**
IN TERMS OF SECTION 16 OF ORDINANCE 13 OF 1935, AS AMENDED

TAKE NOTICE that MARLEENTJE HENRIETTE VAN DER MERWE has disposed of the RESTAURANT, GENERAL DEALER, AERATED MINERAL WATER DEALER and TOBACCO SELLING BY RETAIL business conducted by her on ERF 958, 11 CONTINENTAL ROW, WINDHOEK, under the name and style of MARLENE'S PLACE, to LUIGI MICILLO, who will carry on the aforesaid business for his own account at the same address under the same name and style, and that FOURTEEN (14) days after publication of this Notice, the said LUIGI MICILLO WILL APPLY TO THE Licensing Court for the issue to him of RESTAURANT, GENERAL DEALER, AERATED MINERAL WATER and TOBACCO SELLING by RETAIL licences.

DATED at WINDHOEK on this 9th day of DECEMBER, 1981.

(SGD.) P.G. VAN DER MERWE
PETER G. VAN DER MERWE & CO.
Attorneys for the Applicant
101 SWALU Building
Leutwein Street
WINDHOEK
9000

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Geliewe kennis te neem dat na 14 (veertien) dae vanaf publikasie hiervan, aansoek gedoen sal word by die Handelslisensie Hof vir die distrik van WINDHOEK gehou te WINDHOEK vir die oordrag van die Algemene Handelaarslisensie (Haarkapper toiletware) gehou deur ESTELLE VAN RIEBEEK WESSELS wie handel dryf as SALON CHEZ-VAL op Erf. 2158, Mutual Arkade, Kaiserstraat, WINDHOEK aan HELENA MARIA GOOSEN wie voortaan op dieselfde perseel vir haar eie rekening onder dieselfde naam en styl handel sal dryf.

GETEKEN te WINDHOEK op die 10de dag van DESEMBER 1981

ANDRE LOUW & KIE
PROKUREURS VIR APPLIKANTE
3de Vloer, Sanlamgebou
Bülowstraat, Posbus 21707
WINDHOEK 9000

NOTICE OF TRANSFER OF LICENCE

BE PLEASED TO TAKE NOTICE that Application will be made to the Licencing Board at it's next sitting for the Transfer of the Restaurant, Fresh Produce, Tobacco and Mineral Water licences held by M. BRUSA who trades, under the name and style of MARIO'S PIZZERIA TAKE AWAYS on Erf 95, WINDHOEK for his own account to GIANFRANCO RONCHI who will carry on business for his own account under the name and style of FRANCO'S PIZZERIA TAKE AWAYS at the same address.

DATED at WINDHOEK on this 10th day of DECEMBER 1981.

H.J. VAN BILJON & CO
6th Floor, Craigmyle Building
Kaiser Street, P.O. Box 3516
WINDHOEK

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN LISENSIE

GELIEWE KENNIS TE NEEM dat daar by die volgende kwartaallikse sitting van die Handelslisensiehof, Walvisbaai, vir die distrik van Walvisbaai aansoek gedoen sal word vir die oordrag van die Restaurant, Tabak by kleinmaat en Minerale Water lisensies, tans gehou deur JOHANNES NICOLAAS TALLIE & HUGO ANTONIE TALLIE wie sake doen onder die naam en styl van WALDORF FISH & CHIPS RESTAURANT te erf 639, WALVISBAAI, na JEFFREY HAROLD BUCKERFIELD, wie onder dieselfde naam en styl op dieselfde erf sal sake doen vir eie rekening.

C L DE JAGER & VAN RENSBURG
PROKUREURS VIR DIE APPLIKANT
Posbus 224
WALVISBAAI

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN LISENSIE

GELIEWE KENNIS TE NEEM dat daar by die volgende kwartaallikse sitting van die Handelslisensiehof, Walvisbaai, vir die distrik Walvisbaai aansoek gedoen sal word vir die oordrag van die Algemene Handelaar, Minerale Water, Patente Medisyne, Tabak by kleinmaat en Vars Produkte lisensies, tans gehou deur P.A. MITCHELL wie sake doen onder die naam en styl van STOP 'N SHOP te Erf 1791, WALVISBAAI, na SAVVAS JOHN SAVVA, wie onder dieselfde naam en styl op dieselfde erf sal sake doen vir eie rekening.

C.L. DE JAGER & VAN RENSBURG
PROKUREURS VIR DIE APPLIKANT
Posbus 224
WALVISBAAI

NOTICE OF TRANSFER OF BUSINESS

BE PLEASED TO TAKE NOTICE that application will be made at the next sitting of the Licencing Board for the transfer of the General Dealer, Motor Garage and Mineral Water licences held by L. ANTHONY and J.M. GREWAR who trade under the name and style of MOTOR & MARINE SALES on Erf 80/c, KAISER STREET, WINDHOEK as a partnership to RONALD ROSWELLPRICE ADMAS and JOHANN CAREL MYBURGH who will carry on business at the same premises under the same name and style in partnership.

DATED at WINDHOEK on this 10th day of DECEMBER 1981.

H.J. VAN BILJON & CO
6th Floor, Craigmyle Building
Kaiser Street, P.O. Box 3516
WINDHOEK

Gedruk deur en verkrygbaar by
SUIDWES-DRUKKERY BEPERK,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
SUIDWES-DRUKKERY BEPERK
P.O. Box 2196, Windhoek
South West Africa